# SARS BEVESTIG DIE FINALISERING VAN 'N 3-JAAR LOONOOREENKOMS MET NEHAWU EN PSA

**PRETORIA, Dinsdag 2 April** 2019 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), die Nasionale Onderwys, Gesondheid en Verwante Werkersunie (NEHAWU) en die Vereniging vir Staatsamptenare (PSA) het 'n 3-jaar veelvoudige termynooreenkoms aangegaan met 'n 8% verhoging op die gewaarborgde totale pakette van werknemers in die bedingingseenheid vir hierdie jaar, met intreding 1 April 2019.

Vir die twee daaropvolgende jare van die ooreenkoms, sal die persentasie salarisverhoging bepaal word deur die geprojekteerde CPI plus 2%.

Dit bring die staking van die laaste twee dae van laas week tot 'n onmiddelike einde.

Die ooreenkoms sluit verder in:

- 'n Verhoging in die langdienstoekenningwaardes van 8% in 2019 met verdere verhogings van dieselfde persentasie van die gewaarborgde salarisverhoging in die daaropvolgende jare.
- Die uurlikse skoftoelaagkoers sal ook op dieselfde wyse verhoog, met 8% in 2019 en met dieselfde persentasie op gewaarborgde salarisverhoging in die daaropvolgende jare.
- Die bekendstelling van 'n nuwe verlofsoort - voorgeboorte- en inentingverlof van 8 dae vir kwalifiserende werknemers.
- Die bekendstelling van 'n 2-jaar verlofsiklus vir gesinsverantwoordelikheidsverlof, waar gedurende werknemers hulle voorsiening van 5 werksdae per jaar kan gebruik. Hierdie verlofsiklus sal in 2019 intree.

SARS, NEHAWU en PSA het verder ooreengekom om verskeie ander uitgestelde items onder die beskerming van die nasionale bedingingsforum op te los:

- Hersiening van die besoldigingsbeleid met betrekking tot salarisprogressie beginsels.
- GTP kontanttoelaag opsies beskikbaar aan werknemers.
- Korttermynversekeringopsies sal verken word met diensverskaffers wat moontlik goeie koerse aan SARS-werknemers kan verskaf.
- Behuisingopsies sal verken word met diensverskaffers wat moontlik goeie verbandkoerse aan SARS-werknemers kan verskaf.
- Mediesefondsskemas sal verken word om die huidige uitdagings aan te spreek.
- Hersiening van die verlengde siekverlofbeleidbepalings om huidige uitdagings aan te spreek.
- Hersiening van die werwingsbeleid om bevordering moontlikhede in te sluit.
- Hersiening van die beursbeleidvoorsienings met betrekking tot beurse vir afhanklikes.
- Oorweging van 'n blyk van waardering as 'n aftree-geskenk tot die waarde van R2 000, met die verpligte aftree-ouderdom van 65.

Die partye het toegestem om saam te werk om produktiwiteit te versterk, inkomstevloei te verbeter en nakomingsvlakke te verhoog.

SARS waardeer die toewyding wat partye met die proses ingespan het, asook die konstruktiewe manier waarop die loonbedingingsdispuut uiteindelik opgelos is en stabiliteit na die instansie teruggekeer is.